Eerste Adventsondag
Johannes 1:1-8

Die Johannes evangelie begin anders

- In Johannes begin die Jesusverhaal verder terug in tyd as enige van die ander Evangelieskrywers. Dit begin terug in tyd aan die heel begin. Eintlik nog voor die begin van tyd. In verse 1 tot 5 van Johannes 1 sien ons dieselfde pas en ritme as dié van Genesis 1 en ons sien die volgende parallelle:
    1. In die begin...
    2. God as skepper van alles
    3. Van donker na lig
- In vers 6 tot 8 word ons aan Johannes voorgestel en dan sien ons die volgende eienskappe:
    1. Hy is deur God gestuur
    2. Hy word by die naam geroep
    3. Hy was self nie die lig nie, maar moes van die lig getuig.
- Johannes begin sy evangelie deur te vertel wie Jesus is deur hom as Woord en Lig te beskryf. Ons sal in die erediens meer aandag gee aan die dieper betekenis van hierdie twee woorde.
- Dit word wel duidelik dat Jesus se identiteit hier verklaar word as self ook God, tydloos en skeppend. Bowenal sien ons hier dat Jesus die lewe is wat as lig vir die mense dien. ‘n Lig wat deur geen duister uitgedoof kan word nie.
- Johannes word dan voorgestel as die skarnier tussen die lig van God en die getuienis van hierdie lig aan die wêreld.

Jesus – Johannes – Jy

- Daar ontstaan dus ‘n baie mooi vloei vanaf Jesus, deur Johannes, na elkeen van ons toe. Mens sou ook kon sê dat soos Jesus na die wêreld gestuur is, so is Johannes geroep en so ook is ek en jy.

Daar was ‘n man...Daar is ‘n jy

- Daar is iets besonder aan die manier hoe Johannes voorgestel word, soos dit hier bo gelys is.
- God roep ons elkeen op die naam. En Hy vra van elkeen van ons om ‘n skarnier tussen Jesus en die wêreld te wees.
- Daar is eens ‘n dominee wat ‘n Pinkster-reeks aangebied het. Dié dominee het lang bruin hare gehad met ‘n vol baard van dieselfde kleur; die tipiese Kinderbybel uitbeelding van Jesus. Tydens een van die Pinksterdienste sien een van die kinders hom en sê vir haar ouers: “Kyk ma, dis Dominee Jesus!”
- Alhoewel dit nie beteken dat ons so moet aantrek of poog om soos Jesus te kyk nie, is daar tog iets te sê oor ons wat op so ‘n manier getuig van die lig dat ander mense Jesus in ons raaksien.
- Daar was ‘n man wat deur God gestuur is, Sy naam was Johannes. Daar is jy wat deur God geroep is. Jou naam is..